Sing vooraf: Psalm 122:2 (p. 611)

2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende^en broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie,^o stad, / wat skoonste is van alle stede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 95:1 (p. 477)

1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriend'like^aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde^in ons gewek het.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 25:3 (p. 116)

Wet

Psalm 25:3 (p. 116)

3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriend'like^-oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Doop: Lombard-tweeling

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

1 "Water sal ek op hul sprinkel,
water uit 'n springfontein".
En van alle^onreinighede
was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle,
en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder,
aan jul gee 'n hart van vlees.

2 "'k gee my Heil'ge Gees aan julle,
wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë
en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën
deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle,
jul 'n volk sal wees vir My."

Psalm 68:5 (p. 332)

5 U kudde, HEER, het daar gewoon; / U was die land, so vrugbaar-skoon, / 'n vriend'like Beskermer;
U het ellendiges die land / laat erwe deur u goeie hand, / o Israels Ontfermer!
Ja, daar was ryke juigenstof, / om God se wonders en sy lof / met jubelsang te melde.
Die lofsang van 'n vrouekoor / klink al die stryders in die oor / en ruis oor berg en velde.

Skriflesing: Filippense 4
Teks: Filippense 4:5

Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. (Filippense 4:5 AFR1953)

'n Ware gelowige moet al die volgende dinge doen, omdat hy homself in diepe afhanklikheid aan sy God sien.

- 'n Ware Christen moet altyd lankmoedig wees.
- Hy moet ook baie eerlik wees, en beslis in sy optrede.
- Hy moet ook baie regverdig wees teenoor alle mense.

Wanneer mens uit een taal in 'n ander taal moet vertaal, het mens dikwels die probleem dat jy nie in die ander taal presies kan sê wat jy eintlik bedoel nie, omdat die ander taal nie 'n woord het wat presies dieselfde betekenis het as jou taal nie.

Ons het in hierdie teks te doen met so 'n woord – *vriendelikheid*.

Ons sê:

Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word.

Maar dit wat die apostel Paulus bedoel het met hierdie woord, en dit wat ons verstaan onder die Afrikaanse woord *vriendelikheid*, is twee verskillende dinge.

Hierdie woord kom net vyf keer in die Nuwe Testament voor.

- Die eerste keer in ons teksvers.
- Die tweede keer in 1 Timoteus 3:3. Daar staan geskryf dat 'n opsiener – ons hedendaagse predikant – aan die volgende eienskappe moet voldoen:
    - Hy moet geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker wees nie, MAAR vriendelik.
    - Hier staan vriendelikheid as die teenoorgestelde van iemand wat drink en baklei, en wat altyd sy eie voordeel soek.
    - Ons moet dus altyd in gedagte hou dat vriendelikheid deur die Bybel bedoel word waar hierdie slegte eienskappe ontbreek.
- In Jakobus 3:17 waar hierdie woord weer gebruik word, hang dit saam met wysheid, en innerlike reinheid en vredeliewendheid.

Kom ons gaan nou deur Filippense 4 se eerste paar verse en kyk wat die Here met hierdie vers bedoel, dat ***ons vriendelikheid aan alle mense bekend moet word, want die Here is naby.***

- In vers 1 vermaan Paulus en Timoteus die gemeente om standvastig in die Here te wees.
- Dit is al die aanloop na die vriendelikheid van die gemeente toe, want in vers 2 vermaan die Here nou twee van die susters van die gemeente om eensgesind te wees.
    - *Eensgesind wees* beteken dat die twee susters hulle denke moet laat beheers deur die Here.
        - Waarskynlik het hierdie twee susters in verdeeldheid gelewe, en het hierdie gesindheid van hulle 'n kwade uitwerking in die gemeente gehad.
        - Daarom word hulle aangesê om die eer van die Here nou dadelik voorop te stel.

Dit gaan ook hier oor die vriendelikheid waarvan vers 5 praat, want hierdie vermaning tot eensgesindheid het sy aanloop hiervandaan.

- *Vriendelikheid* in hierdie vers bedoel dus 'n doelgerigte diens tot eer van die Here.
- Hier word daar 'n bevel gegee tot samewerking en wedersydse vergifnis tussen Christene onderling.

Kyk nou ook na die vriendelikheid in hierdie vermaning.

- Dit is baie eerlik en reguit.
- Daar word nie met skynheiligheid en met 'n wyse van diplomaties wees, wat anders vertolk kan word, met hierdie twee vrouens gepraat nie.

Vers 3 beveel 'n sekere metgesel om hierdie vroue behulpsaam te wees.

- Christelike vriendelikheid behels dus ook daadwerklike hulp aan jou naaste.
- Hulp sien dan, merkwaardig genoeg, nie net op liggaamlike en fisiese hulp nie, maar hier dan veral op geestelike ondersteuning.
- Die twee susters moet gehelp word om eensgesind te raak sodat hulle saligheid en die eenheid van die gemeente daarby kan baat.

Vers 4 gaan nog 'n stap verder:

Verbly julle altyd in die Here, ek herhaal: verbly julle!

- Dit gaan nou oor 'n heilige vreugde wat daar in die gemeente moet wees.
- Die mense moet in vrede lewe en saamwerk, en eensgesind wees.
- Maar dan staan daar by: **in die Here!**

Ons moet met mekaar klaarkom omdat ons die Here daarin dien.

- Ons vreugde moet wees omdat ons saamwerk aan die koninkryk van God.
- En omdat God as 't ware langs ons staan!

Dan kom vers 5 as 'n samevatting van alles wat tot nou toe aan die gemeente gesê is:

Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word!

Wat is nou die vriendelikheid?

- Vriendelikheid is nou die gesindheid wat die gemeente onderling in die Here ervaar.
- Dit is die gesindheid van reg – 'n baie streng reg.
    - God sê dat die twee susters nie langer verkeerd mag wees nie.
- Dis ook die reg om in die Naam van God te kan beveel dat mense hulle moet bekeer van hulle kwaad.
- En dis ook die reg wat God eis dat die gemeente onderling mekaar se hoeders is.

Daar is in hierdie Christelike vriendelikheid selfs 'n mate van onverbiddelikheid, naamlik dat alles absoluut oor die eer van God gaan, want daarom staan daar in vers vyf:

Die Here is naby!

Kom ons pas nou die gedeelte toe. Die Bybel praat nie hier daarvan dat jy vir al die mense moet glimlag nie.

- Ons ken dit in ons tyd baie goed, want baie mense glimlag uiterlik terwyl hulle mekaar binnekant eintlik haat.
- Dit gaan dus glad nie oor 'n skynheilige uiterlike nie.
- Dit gaan oor die handhawing van God se heiligheid in elke opsig, sonder dat jy dit gewelddadig op 'n ander afdwing.

Die teks kan ons ook so stel: Behandel al die mense soos wat jy wil hê dat die Here jou in die oordeel moet behandel. Met die klem dan op *alle mense*.

- Moenie net dié so behandel vir wie jy lief is nie, maar dwing jouself veral om so te handel met almal, maak nie saak wie en waar hy is nie. Want die Here is naby.

- Wees geduldig en barmhartig met almal se gebreke.
- Wees nugter en reguit in jou vermanings teenoor jou naaste.
    - Help hom waar jy kan.
    - Gee erkenning vir die deugde van jou naaste, want dit staan ook hier so geskryf dat die metgesel juis die twee susters behulpsaam moet wees, omdat hulle saam gestry het in die Evangelie!
- Jou vriendelikheid moet dus van so 'n aard wees dat jy steeds jou naaste se deugde voor oë hou.

Want die Here is naby!

- Dis 'n prikkel om jou voortdurend te laat besef dat jy aanstons self voor die Here sal staan en dat jou vriendelikheid dan ook geoordeel gaan word!
- Wees minsaam teenoor almal, want jyself staan dodelik skuldig voor God.

Dan volg die gedeelte van vers 6 af eintlik logies. Wees oor niks besorgd nie.

- Natuurlik nie, want jou hele lewe en al jou begeertes is dan op God toegespits.
- Al hierdie dinge word saamgevat in jou vriendelikheid.
    - Maar dan moet dit in jou lewe duidelik wees dat jy so op die Here vertrou.
    - Dit gaan nou prakties blyk dat jy nie net mense vriendelik vermaan en in die openbaar alles wil doen tot eer van God nie.
- Dieselfde moet ook geld van jou binnekamer.
    - Bid God en dank Hom vir alles.
    - Smeek vir wat jy nodig het, en prys God vir wat jy ontvang.

Hierdie was ook die tipiese lewenshouding van die Here Jesus Christus.

- Hy was baie sagmoedig teenoor die siekes en elkeen wat by Hom kom smeek het vir genesing.
- Hy slaan sy arms om die kindertjie en Hy seën hulle.
- Hy huil oor Lasarus wat dood is.
- Hy vergewe 'n moordenaar langs Hom aan 'n ander kruis sy sondes.

So leef Hy sagtheid en barmhartigheid uit.

Maar terselfdertyd kon Hy in alle erns die handelaars met 'n sweep uit die tempel uitdryf, omdat hulle sy Vader se huis onteer.

Hy sê in alle erns vir die Fariseër wat Hom in die nag besoek, dat as hy nie weer gebore word nie, hy nooit in die koninkryk van God kan ingaan nie.

Sy dood is natuurlik die hoogtepunt van al hierdie dinge.

- Die hoogtepunt van die Here Jesus Christus se vriendelikheid aan alle mense is dat Hy sterf om ons die onvriendelikheid van ons sondes te vergewe.
    - Dit is 'n baie groot genadedaad!

Sy dood is ook in erns tot verheerliking van God omdat dit die skeiding bring tussen die wat God ken en die wat Hom nie ken nie.

- Sy opstanding is 'n preek aan die gevangenes in die hel!
    - Dis geen preek wat geskreeu word nie.
    - Dis nie 'n daad van enige geweld nie Hy staan net op uit die dood! Daarmee het elke wese wat in die hel is verstaan dat hulle hulle teen die Almagtige God verset het en dat hulle vir ewig verlore gaan.

Dit laat ons as verlostes en as beelddraers van die Here Jesus met die verpligting dat ons lewe gekenmerk moet word deur groot blydskap en diepe erns, en hulp aan ons naaste – alles in diens van God.

Kom ons laat ons vriendelikheid ook so aan alle mense bekend word, want hierdie Jesus wat dit leer, is naby.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 97:7 (p. 485)

7 Gods vriend'like◠aangesig / straal vrolikheid en lig / deur duisternis en smarte / vir alle◠opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 2 Desember 2007 (oggend)